# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 25 JULY 2013

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

1. Ms Tingwe: The failure of the government of the Western Cape led by the Democratic Alliance to address the challenges facing the youth.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICE OF MOTIONS**

1. Ms L Brown moved: That the House discusses the disdain shown towards Chapter Nine institutions of our Constitution by the Western Cape Government and municipalities in the province led by the Democratic Alliance.

2. Mr P Uys moved: That the House –

   (1) establishes a multiparty *ad hoc* committee to inquire into and report back to the House at its earliest convenience on the question of–

      (a) whether the presiding officers of this House are subjective in their handling of and dealing with certain parties in the legislature;

      (b) whether the presiding officers are even-handed in dealing with all political parties;

      (c) whether the presiding officers have made interpretable rulings to the advantage of the Democratic Alliance and the agenda of that party;

      (d) whether the presiding officers are manipulated by the Premier, who is the leader of the DA;

      (e) whether the presiding officers are abusing their position of trust to advance the party-political agenda of the DA; and

      (f) how the presiding officers should be censured for this, if proven; and

(2) resolves that the committee should consist of three members of the Democratic Alliance, two members of the African National Congress and one member from each of the smaller minority parties.

3. Ms C Labuschagne moved: That the House discusses the important parliamentary privilege of freedom of speech.

4. Mr R B Lentit moved: That the House debates focussed strategies on combating drug abuse and illicit drug trafficking in the Western Cape.

5. Mr M Ozinsky moved: That the House debates the lies of the Democratic Alliance in distorting their history to pretend that they were part of the forces of liberation in South Africa and the effect that their real history has on the policies of the DA-led government today.

6. Mr P Uys moved: That the House urgently debates the serious crisis caused by the interference of the Premier of the Western Cape in the office of the presiding officers and the subjective rulings, as dictated by her, made by the presiding officers as a result.

7. Ms M Tingwe moved: That the House discusses the situation at schools in the Western Cape that are underperforming.

8. Mr J J Visser moved without notice: That the House –

(1) notes with pride that –

(a) nine of the top 20 departments out of the 156 departments that have been assessed by the MPAT (Management Performance Assessment Tool) process, come from the ranks of the Western Cape Provincial Government;

(b) the department in the Western Cape that fared best was the Department of Community Safety, while the department in our province that is in the lowest position on the ranking list occupies the 41$^{st}$ position out of a total of 156 departments that have been assessed in all nine provinces; and

(c) only departments from four of the nine provinces could manage to achieve a position in the top 20 places on the ranking list and that the Western Cape is the province with the biggest number of departments in that group of 20; and

(2) therefore extends its congratulations to the Government of the Western Cape.

9. Mr H P Geyer moved without notice: That the House –

(1) notes that the African National Congress has at last, after more than a year, got rid of the mayor of the Cederberg Municipality; and

(2) is looking for an answer to the question why no action has been taken against the other three councillors of the ANC.

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 25 JULIE 2013

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

1. Me Tingwe: Die versuim van die Wes-Kaapse regering, onder leiding van die Demokratiese Alliansie om die uitdagings die hoof te bied waarvoor die jeug van ons provinsie te staan kom.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE**

1. Me L Brown stel voor: Dat die Huis die minagting bespreek wat die Wes-Kaapse Regering en munisipaliteite in die provinsie wat deur die Demokratiese Alliansie beheer word, teenoor die sogenaamde Hoofstuk Nege-instellings van ons Grondwet openbaar.

2. Mnr P Uys stel voor: Dat die Huis –

   (1) ’n veelparty *ad hoc*-komitee instel om, so gou doenlik, ondersoek in te stel na en aan die Huis verslag te doen oor die vraag–

      (a) of die voorsittende beamptes van hierdie Huis subjektief is in hul hantering van en optrede teenoor sekere partye in die wetgewer;

      (b) of die voorsittende beamptes regverdig is in hul optrede en al die politieke partye op ’n onpartydige wyse behandel;

      (c) of die voorsittende beamptes beslissings wat op verskillende wyses vertolk kan word tot die voordeel van die Demokratiese Alliansie en die agenda van daardie party gee;

      (d) of die voorsittende beamptes gemanipuleer word deur die Premier, wat die leier van die DA is;

      (e) of die voorsittende beamptes hulle vertrouensposisie misbruik om die partypolitieke agenda van die DA te bevorder; en

(f) oor hoe daar teen die voorsittende beamptes opgetree moet word of wat die straf moet wees wat hulle opgelê word indien dié aantygings waar bevind sou word; en

(2) besluit dat die komitee uit drie lede van die Demokratiese Alliansie, twee lede van die African National Congress en een lid van elkeen van die kleiner minderheidspartye moet bestaan.

3. Me C Labuschagne stel voor: Dat die Huis vryheid van spraak, ’n belangrike parlementêre voorreg, bespreek.

4. Mnr R B Lentit stel voor: Dat die Huis debat voer oor strategieë wat toegespits is op die stryd teen dwelmmisbruik en onwettige dwelmhandel in die Wes-Kaap.

5. Mnr M Ozinsky stel voor: Dat die Huis debat voer oor die leuens wat deur die Demokratiese Alliansie verkondig word deurdat hulle hul geskiedenis verdraai om voor te gee dat hulle deel uitgemaak het van die bevrydingsmagte in Suid-Afrika en oor die uitwerking wat hulle werklike geskiedenis het op die beleidsrigtings van die regering onder leiding van die DA vandag.

6. Mnr P Uys stel voor: Dat die Huis ’n dringende debat voer oor die ernstige krisis wat deur die inmenging van die Premier van die Wes-Kaap in die kantoor / amp van die voorsittende beamptes plaasvind en die subjektiewe beslissings, soos deur haar voorgeskryf, wat as gevolg daarvan deur die voorsittende beamptes gegee word.

7. Me M Tingwe stel voor: Dat die Huis die situasie bespreek by skole in die Wes-Kaap wat nie na wense presteer nie.

8. Mnr J J Visser stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

(1) met trots daarvan kennis neem dat –

(a) nege van die top 20 departemente uit die 156 departemente wat deur die MPAT-proses (proses wat verband hou met die evalueringswerktuig vir bestuursprestasie) geëvalueer is, uit die geledere van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering afkomstig is;

(b) die departement in die Wes-Kaap wat die beste gevaar het die Departement van Gemeenskapsveiligheid is, terwyl die departement in ons provinsie wat die laagste posisie op die ranglys beklee die 41ste plek behaal het uit die totaal van 156 departemente wat in al nege die provinsies geëvalueer is; en

(c) slegs departemente uit vier van die nege provinsies daarin kon slaag om ’n plek onder die top 20 plekke op die ranglys te behaal en dat die Wes-Kaap die provinsie is wat die grootste getal departemente in die groep van 20 het; en

(2) derhalwe sy gelukwensinge oordra aan die Wes-Kaapse Regering.

9. Mnr H P Geyer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

(1) kennis neem daarvan dat die African National Congress na langer as ’n jaar uiteindelik van die burgemeester van die Cederberg-munisipaliteit ontslae geraak het; en

(2) ’n antwoord soek op die vraag waarom daar nie teenoor die ander drie raadslede van die ANC opgetree word nie.